



Word 'n persoon wat saam met jou woon, maar wat nie met jou getroud is nie, as jou gade beskou?

'n Persoon wat saam met jou woon kwalifiseer nie outomaties as jou gade nie. Die persoon moet voldoen aan die vereistes van een van die wette (of gelowe) wat hier verduidelik word. Behalwe gades wat geregistreer is in terme van die Huwelikswet, is daar net drie soorte gades (soos hier bespreek) wat voldoen aan die vereistes van die wet en die trustees wanneer hulle potensiële begunstigdes van 'n sterftevoordeel onder die Fonds bepaal. Dit kan, in sekere omstandighede, moontlik wees dat 'n persoon wat saam met jou gewoon het, as een van jou afhanklikes kan kwalifiseer omdat hulle finansiël van jou afhanklik was.



Hierdie inligting word slegs as riglyn verskaf. Jy moet uitvind of die Fonds se trustees jou gade ooreenkomstig die Fondsreëls erken.

Wanneer is iemand jou **gade** volgens die wet?

Die trustees moet bepaal of die persoon wat beweer om jou gade te wees aan die vereistes voldoen van een van die soorte gades volgens die wet. Dit kan een van die volgende soorte gades wees:

GEWOONTEREG-GADES

Die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike stel baie voorwaardes waaraan voldoen moet word voordat 'n huwelik as geldig en wetlik erken kan word.

Voordat die trustees iemand as 'n gewoontereg-gade kan erken, moet hulle bepaal of 'n gewoontereg-huwelik werklik plaasgevind het. Hulle sal alle faktore in ag neem – soos die reëls van die Fonds en die toepaslike gewoonteregte (bv. Sotho-wet, Xhosa-wet, ens.).

Die trustees moet bepaal of daar aan enige ander belangrike vereistes van die gewoontereg en die Fondsreëls voldoen word. Hulle moet ook bepaal of julle ten tye van jou dood werklik nog getroud was.

GADES GETROUD VOLGENS GELOWIGE OORTUIGINGS

Baie mense in Suid-Afrika is volgens gelowige oortuigings getroud (Moslem, Hindoe, Tamil, ens.). In sulke gevalle

word die definisie in die Pensioenfondswet gebruik om te bepaal of iemand as 'n gade beskou kan word. Die trustees moet bepaal of daar aan die vereistes van 'n spesifieke geloof voldoen word.

BURGERLIKEHUWELIK-GADES (d.w.s. gades van dieselfde geslag)

Die Wet op Burgerlike Verbintnisse is op 30 November 2006 goedgekeur en is van toepassing op huwelike tussen homoseksuele (selfdegeslag) lewensmaats. Hierdie huwelike of burgerlike verbintnisse is geldig en dit word erken op voorwaarde dat daar aan die volgende vereistes van die wet voldoen word:

- Albei selfdegeslag partye moet ouer as 18 wees.
- Die verbintnis moet as 'n huwelik of burgerlike verbintnis gevier en geregistreer wees.
- Burgerlikehuwelik-gades moet aan die trustees bewys verskaf van die registrasie van hul verbintnis/huwelik (soortgelyk aan 'n huweliksertifikaat).



Wat jy omtrent **die Fonds** moet weet

- 1** Verstaan hoe jou Fonds werk deur jou nuwe Ledegids deur te lees.
- 2** Kyk in ons inligtingsbrosjures vir lede vir meer inligting oor die verskillende soorte versekeringsdekking wat vir jou beskikbaar is.
- 3** Die kwartaallike elektroniese Gesamentlike Forum-nuusbrief is vol Fonds-spesifieke inligting, mediadekking oor die Fonds en die jongste bedryfsinligting.
- 4** Kry finansiële wenke en inligting in die gereelde nuusbriewe vir lede.
- 5** Kyk hoe jou beleggings groei wanneer jy jou jaarlikse Fonds-voordeelstaat ontvang.
- 6** Weet wat jou pligte, keuses en regte as 'n lid is – dit word in ons brosjures verduidelik.
- 7** Leer ken jou Fonds-trustees in die jaarlikse Trusteeverslag.

Stuur vir ons jou inligting sodat die Fonds met jou kan kommunikeer

VOLLE NAAM EN VAN	<input type="text"/>
NAAM VAN WERKGEWER	<input type="text"/>
LIDMAATSKAPNOMMER	<input type="text"/>
POSADRES	<input type="text"/>
SELFOONNOMMER	<input type="text"/>
KANTOORNOMMER	<input type="text"/>
E-POSADRES	<input type="text"/>

Waar kan jy hierdie inligting kry?

- Vra jou Menslikehulpbrondeel, of
- Vra jou Gesamentlike Forum se lidverteenwoordiger (jou kontakpersoon by die werk), of
- Teken aan op die Fonds se webwerf by www.retirementfundweb.co.za (vra jou Menslikehulpbrondeel om jou vir toegang te registreer), of
- Stuur jou vrae of voorstelle per e-pos aan ons by sanlambrella@sim.sanlam.com
- Ons posadres is:
Sanlam Sambreelfonds, Posbus 1,
Sanlamhof, Bellville, 7532

Vrywaring: Hierdie nuusbrief bevat inligting van 'n algemene aard aan lede en moet slegs as 'n riglyn gebruik word. Elke lid se finansiële omstandighede is verskillend en lede word sterk aangeraai om hul werkgewer se gekontrakteerde finansiële adviseur vir persoonlike aftreebeplanning te kontak.